

# Vigs op my drumpel

Lynette van Wyk



**G**edurende die somer van 2001 meld Wiseman hom aan as handlanger by die aanbou van 'n strandhuis in 'n vakansieoord so 'n uur se ry van Port Elizabeth af. Dis uit die staanspoor duidelik dat hy 'n uiters harde werker is. Taal is egter 'n probleem. Daarom praat Wiseman met handgebare, maar hy weet van werk en werk.

Wiseman woon in 'n HOP-huisie met 'n vrou en vier kinders. Dis so ongeveer drie km vanwaar hy sy enigste inkomste verdien. Die familie vir wie hy werk, doen wat hulle kan. Die kinders se skoolgeld word vooruit betaal, beddegoed, meubels, fietse, gordyne, kos word ruim uitgedeel, want Wiseman is getrou en Wiseman wil werk. Besoekende Noorweërs koop splinternuwe sitkamermeubels vir Wiseman. Aan die einde van elke naweek word die yskas leeg gemaak vir Wiseman se familie.

Wiseman se pa sterf. Die weldoener betaal die nodige om, soos die Bybel sê, nie terug te verwag nie.

Wiseman se een kind sterf. Die weldoener betaal weer vir die begrafnis.

Elke keer as proviand by die skamele huisie afgelaai word, is dit opvallend dat daar geen spoor is van al die meubels, gordyne en fietse nie – alleen maar die mistroostige arm gesinnetjie wat geen woord Engels of Afrikaans verstaan nie, en stukkie skamel beddegoed op die grond. Die res is verkwansel vir geld. Want buiten Wiseman se naweekloon en die toelaag per kind, het die gesin geen inkomste nie.

Wiseman is jonk. Hy is 'n gesiene man in sy gemeenskap, 'n getroue kerkganger en 'n kranige sokkerspeler. Hiervoor rus die weldoener hom gereeld uit. Wanneer die weldoener saam met Wiseman vuilgoed by die vullishope gaan aflaai, regeer hy die bedelende skare kindertjies met 'n ysterhand terwyl alle beskikbare brongeld onder hulle verdeel word. Diegene wat die

kleintjies intimideer, word ferm op hulle plek gesit.

Elke Saterdag en elke Sondag, sonder uitsondering, wag Wiseman van donsvordag tot 10:00, 11:00-uur in die hoop dat die familie uit die Baai sal opdaag sodat hy die nodige geldjie kan verdien. As hulle nie kom nie, stap hy weer die drie km huis toe.

Jaarliks, rondom Kersfees, daag die hele familietjie op. Hulle wag op die hoek van die straat in afwagting vir hulle "Krismis". Die weldoener se vrou sorg dat "Krismis" die moeitewerd is, en kry altyd bederfpakkies vir uitdeel gereed.

Ten spyte van uitstekende sekuriteit word die weldoener se huis herhaalde kere beroof. Elke keer is die bure oortuig Wiseman is die skuldige. Maar die weldoener ken vir Wiseman. Hy weet hoe nodig hy sy inkomste het en hoe hy sy eer beskerm. Hy wêét Wiseman is nie skuldig nie.

Die afgelope paar maande was Wiseman hoerserig. Hy het minder en minder begin eet en stadiger en stadiger gewerk. Sy vuur is geblus.

Die weldoener vermoed onraad. Sy vrou koop die nodige medikasie by die apteek. Wiseman se eetlus tel effens op, maar sy fut is uit – uiteindelik is sy bene net soos die speke van 'n fiets.

Op 'n dag daag Wiseman net nie weer op nie. Sy broer, Fire, rapporteer dat Wiseman in die hospitaal is. Nog kos en pille word afgelewer. Sy vrou bly op 'n afstand. 'n Verwer doen die nodige tolkwerk. Uiteindelik bel Fire met die nuus: Wiseman is oorlede.

Die weldoener se vrou koop R600 se kruidentersware: suiker, stampmielies, mieliemeel, waspoeier – die nodige. Sonder emosie dra die vrou die voorraad die kale huisie binne. Toe alles afgelaai is, vra sy deur die

tolk: "Wat het julle gedoen om vir my en die kinders voorsiening te maak? Noudat Wiseman dood is, gaan ons baie swaar kry."

Wiseman het elke Saterdagoggend vroeg, as die gesin nog slaap, kom blare vee. Met die vee het hy altyd teen die huis gekap-kap sodat die honde die gesin moes wakker blaf en die weldoener die stoorkamer kom oopsluit.

Nou lê die gesin Saterdag in afwagting dat Wiseman moet kap-kap teen die huis. Maar hy het verhuis. Die gesin se wakker het stil geraak ... En daar is ander gesin wat baie swaar kry ...

● *Lynette van Wyk is skrywer en regisseur van 'n reeks Bybelse dramas en bedryftans 'n plek vir peuters.*

